# Prieska-vullisterrein 'n gemors – AfriForum eis dringende optrede



**GEMSBOK-PRIESKA: AfriForum doen 'n dringende beroep op die Siyathemba Plaaslike Munisipaliteit en die betrokke owerhede om onmiddellik in te gryp by die haglike toestand van die vullisterrein op Prieska.**
Die terrein voldoen nie aan basiese wetlike en gesondheidsvereistes nie en stel die gemeenskap aan groot risiko's bloot.

Van die probleme op die vullisterrein is 'n gebrek aan heinings of hekke om toegang tot die terrein te beheer, daar is geen veiligheidswagte of beamptes wat toesig hou oor die perseel nie, asook die onwettige storting van karkasse en buitebande.

In 'n brief wat AfriForum se Prieska-tak aan die munisipale bestuurder gestuur het, eis die organisasie dat 'n heining om die vullisterrein opgerig word om toegang tot die terrein te beperk en te beheer. AfriForum stel ook voor dat veiligheidswagte en toesighouers op die perseel aangestel word om toe te sien dat reëls nagekom word. Dieselfde brief is aan die Groen Skerpioene gestuur.

Verdere versoeke van AfriForum sluit in die beskikbaarstelling van basiese geriewe soos water en toilette op die terrein, dat die pad na die terrein herstel word en duidelike aanwysingsborde opgerig word, sowel as die beskikbaarstelling van nodige swaar voertuie en toerusting om die terrein te bestuur.

Nóg probleme wat die organisasie in die brief uitgewys het, is die volwassenes en kinders wat op die terrein woon en in gevaar verkeer, en die terrein word daagliks aan die brand gesteek, wat 'n groot gesondheidsrisiko en brandgevaar inhou.

Volgens AfriForum is die huidige situasie op die vullisterrein nie net gevaarlik vir die inwoners wat om die terrein woon nie, maar ook vir die omgewing. Die brandende vullis stel inwoners bloot aan giftige rook, terwyl oop karkasse en afval tot ernstige siektes kan lei.

"Die feit dat kinders en gesinne genoodsaak is om onder sulke omstandighede te leef, is onaanvaarbaar en grens aan 'n humanitêre krisis," sê Werner Strauss, AfriForum se distrikskoördineerder vir die Kalahari. "Ons sal nie toelaat dat hierdie situasie voortduur sonder dat die owerhede tot verantwoording geroep word nie."

"Ons sal voortgaan om druk toe te pas totdat die mense van Prieska 'n skoon, veilige en wettige vullisterrein het wat minstens aan die minimum standaarde vir vullisterreine voldoen," sluit Strauss af. Die munisipaliteit het tot 28 Augustus om op AfriForum se brief te reageer.

# Postmasburg rioolramp woed steeds voort

**GEMSBOK-POSTMASBURG: Ongeag die twee direktiewe wat die nasionale departement van water en sanitasie in 2019 en 2022 aan die Tsantsabane-plaaslike munisipaliteit, om die besoedeling te staak, uitgereik het - blyk dit of die rioolramp op Postmasburg steeds voortwoed.**


Dit wil voorkom of die direktiewe op dowe ore geval en blatant geïgnoreer is en die situasie sedertdien verswak het.

Volgens ingeligtes is rou riool steeds in verskeie woonbuurte sigbaar, met 'n ondraaglike stank en 'n duidelike gesondheidsrisiko vir inwoners, veral kinders en bejaardes.

Sommige van die pompstasies blyk buite werking te wees en kritieke infrastruktuur word ernstig verwaarloos. Die 2022-direktief het onder meer verwys na 'n geval waar E-coli in die longe van Leoni Oosthuizen se eenjarige kind gevind is.

Dit is 'n ontstellende bewys van die ernstige gesondheidsgevare wat die voortgesette rioolbesoedeling inhou. Die munisipaliteit se versuim om basiese dienste te lewer en infrastruktuur in stand te hou stel mense se gesondheid en lewens in gevaar.

Daarbenewens word die waarde van eiendomme reeds negatief geraak, wat tot skadevergoedings-eise teen die munisipaliteit kan lei.



In reaksie op 'n rolspeler se formele klag vroeër vanjaar, het die Groen Skerpioene bevestig dat hulle met 'n ondersoek na moontlike oortredings van die Nasionale Omgewingsbestuurswet en ander relevante omgewingswetgewing besig is.

Hierdie ondersoek kan tot strafregtelike vervolging van die verantwoordelike amptenare en die munisipaliteit self lei.

Die rolspelers se klag het gevolg op die neem van watermonsters en ontleding daarvan by 'n onafhanklike laboratorium.

Dié ontleding het onaanvaarbare besoedelingsvlakke getoon. Volgehoue minagting van nasionale wetgewing, omgewingsbeskerming en die grondwetlike reg op 'n gesonde leef omgewing is onaanvaarbaar.

Dit is duidelik dat die Tsantsabane-plaaslike munisipaliteit beide die 2019 en 2022-direktiewe steeds ignoreer.

Dit laat min twyfel dat sterk maatreëls nou noodsaaklik is, wat sal verseker dat die munisipaliteit aan die minimum standaarde voldoen en besoedelde areas rehabiliteer.

Rolspelrs doen 'n beroep op die departement om onmiddellik teen die munisipaliteit op te tree en die Groen Skerpioene se ondersoek met alle nodige dokumentasie en bewyse te ondersteun.

Die tyd vir verskonings is verby, inwoners van Postmasburg verdien 'n skoon, veilige en waardige leef omgewing.


**ZULUALPHA (PTY) LTD** **ENVIROAFRICA NC**

## NEMA PUBLIC PARTICIPATION PROCESS

### PROPOSED OBSERVATORY AND ASSOCIATED INFRASTRUCTURE ON PORTION 2 OF FARM 80, MATJES RIVIER, SUTHERLAND

Notice is hereby given of the intention to submit an application, and the public participation process in terms of the National Environmental Management Act, 1998 (Act No. 107 of 1998) as amended ("NEMA") and Environmental Impact Assessment ("EIA") Regulations, 2014 (as amended) for the proposed observatory. The proposed development includes activities listed in terms of the NEMA EIA Regulations 2014. EnviroAfrica NC has been appointed by ZuluAlpha (Pty) Ltd to undertake a NEMA application process for Environmental Authorisation for the proposed facility.

**Application for environmental authorisation to undertake the following listed activities* in terms of NEMA EIA Regulations 2014:**

- Government Notice R327 (Listing Notice 1): Activity No. 27
- Government Notice R324 (Listing Notice 3): Activity No. 12

**Please note that the listed activities above may change during the application. Registered I&APs will be notified of any changes.*

**Project Location and Description:**
The proposed remote Observatory, a modular telescope-hosting facility, and associated infrastructure will be enclosed within three separate 50m × 100m (0.5ha) compounds each surrounded by a security fence (total development footprint ~1.5ha). Each of the three compounds will include the following infrastructure:
- 3 x Telescope Housing - 18 m × 12 m roll-off-roof on shallow concrete pad (≤ 4 m high).
- 4 x Solar Rows - 40 m × 3 m ballasted arrays (total ~ 56 kWp) with 10 kWh Li-ion storage
- 1 x Generator - 20 kVA silent genset

The site is located on Portion 2 of Farm Matjes River No. 80, Sutherland, off the R354, approximately 3,5km north-west of Sutherland. The approximate site coordinates are:
32° 21' 20.55" S; 20° 38' 50.30" E.

**Public Participation:** Interested and Affected Parties ("I&APs") are hereby notified of the intention to lodge a NEMA EIA application for the above-mentioned development proposal and are invited to register in writing as a stakeholder in terms of the EIA Regulations of 2014 (as amended). All comments on the NEMA EIA application to be lodged for the proposed Observatory should be provided to EnviroAfrica NC cc **on or before 30 September 2025**, at the details provided below.

In order to register or submit comments, I&APs should refer to the project name/s, and provide their name, address & contact details (indicating your preferred method of notification) and an indication of any direct business, financial, personal, or other interest which they have in the application. You are also requested to pass this information to any person you feel should be notified.

**Please note** that only Registered I&APs will be notified of the availability of reports and other written submissions made (or to be made) to the Department by the applicant, and be entitled to comment on these reports and submissions; will be notified of the outcome of the application, the reasons for the decision, and that an appeal may be lodged against a decision; and will be notified of the applicant's intention to appeal the decision, and where and for what period the appeal submission will be available for inspection.

**Consultant: EnviroAfrica NC cc**
**E-mail: admin@enviroafrica.co.za , Mail: Postnet Suite 341, Private Bag X29 Somerset West 7129, Enquiries: Tel: 021 8511616**


## MUNISIPALITEIT DAWID KRUIPER MUNICIPALITY
### KENNISGEWING K26/2025
### NOTICE N26/2025

**UITNODIGING AAN GEÏNTERESSEERDE PARTYE OM INDIVIDUE TE NOMINEER OM AS LEDE VAN DIE GOP/BEGROTINGS/PB VERTEENWOORDIGENDE FORUM TE DIEN**
**INVITATION TO INTERESTED PARTIES TO NOMINATE INDIVIDUALS TO SERVE AS MEMBERS ON THE IDP/BUDGET/OPMS REPRESENTATIVE FORUM**

In terme van die Munisipale Stelsels Wet 32 van 2000, word munisipaliteite verplig om 'n Geïntegreerde Ontwikkellingsplan in konsultasie met die gemeenskap te ontwikkel.

Ooreenstemmend daarmee, nooi Munisipaliteit Dawid Kruiper alle geïnteresseerde en geaffekteerde partye om by die munisipaliteit te registreer om deel te neem in die 2026/2027 GOP/Begroting/Prestasiebestuurs-prosesse.

Alle geïnteresseerde partye soos, onder meer, Plaaslike Sakekamers, NRI's, GBO's, Taxiverenigings, Tradi-sionele Leiers, Vroue- en Jeugorganisasies, Gestremde groepe, Staatsdepartemente en enige ander belangegroepe, word dus genooi om hul verteenwoordigers te nomineer om op die GOP/Begroting/PB Verteenwoordigende Forum te dien.

Registrasievorms is beskikbaar by die Munisipale Kantore - ND Swarts en moet die GOP kantoor nie later as 26 September 2025 bereik nie.

Enige navrae kan aan die Hoof GOP, Mej BG Howey per e-pos benita.howey@dkm.gov.za gerig word of telefonies by telefoonnommers 054 338 7508/0729252208/054-3387502

**DR E NTOBA**
**MUNISIPALE BESTUURDER**
**Munisipaliteit Dawid Kruiper**
**Privaatsak X6003**
**UPINGTON**
**8800**

In terms of Municipal Systems Act 32 of 2000, municipalities are required to develop an Integrated Development Plan in consultation with the community.

In compliance with the above, Dawid Kruiper Municipality invites all interested and affected parties to register with the municipality to participate in its 2026/2027 IDP/Budget/Operational Performance Management System's processes.

All interested parties such as Local Business Chambers, NGOs, CBOs, Taxi Associations, Traditional Leaders, Women and Youth Organizations, Disability Groups, Government Departments and any other stakeholders are hereby invited to nominate their representatives to the IDP/Budget/OPMS Representative Forum.

Registration forms are available at the Municipal Head Offices- ND Swarts office and should reach the IDP office no later than 26 September 2025.

Any queries can be addressed to the Head IDP, Miss BG Howey per email benita.howey@dkm.gov.za or telephone numbers 054 3387508/0729252208/054-3387502

**DR E NTOBA**
**MUNICIPAL MANAGER**
**Dawid Kruiper Municipality**
**Private Bag X6003**
**UPINGTON**
**8800**

## MUNISIPALITEIT DAWID KRUIPER MUNICIPALITY
### KENNISGEWING K25/2025
### NOTICE N25/2025
### 2022-2027 GOP PROSESPLAN VIR 2026/2027 BOEKJAAR
### PROCESS PLAN FOR THE 2022-2027 FOR THE 2026/2027 FINANCIAL YEAR

**BESKIKBAARHEID VAN GOP/BEGROTING/ PRESTASIE BESTUUR PROSESPLAN VIR DIE GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGS-PLAN VAN 2022/2027 VIR DIE 2026/2027 BOEKJAAR**

Die Raad is tans besig om die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan van 2022/2027 vir die 2026/2027 boekjaar te hersien.

Die Prosesplan bied informasie oor die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan, asook die Begroting- en Prestasie Bestuursproses wat gedurende die 2026/2027 finansiële boekjaar ontvou. Dit is beskikbaar vir kennisname aan enige persone, staatsdepartemente en belangegroepe by plaaslike biblioteke en die Raad se webblad, www.dkm.gov.za.

Enige navrae kan aan Mej BG Howey Hoof GOP by telefoon 054 338 7508 / 0729252208 / 054-3387502 of per e-pos by benita.howey@dkm.gov.za gerig word.

**DR E NTOBA**
**MUNISIPALE BESTUURDER**
**Munisipaliteit Dawid Kruiper**
**Privaatsak X6003**
**UPINGTON**
**8801**

**AVAILIBILITY OF THE IDP/BUDGET/PMS PROCESS PLAN FOR INTEGRATED DEVELOPMENT PLAN OF THE 2022/2027 FOR THE 2026/2027 FINANCIAL YEAR**

The Council is currently busy reviewing the Integrated Development Plan of the 2022/2027 for the 2026/2027 financial year.

The Process Plan provides information on the Integrated Development Plan, as well as the Budget and Operational Performance Management System's processes that will unfold during the 2026/2027 financial year. It is available for notification to any person, government departments and other stakeholders at all local libraries, and the Council's website www.dkm.gov.za.

Any queries can be address to Miss BG Howey, Head IDP at telephone number 054 338 7508/ 0729252208 /054-3387502 or per email on benita.howey@dkm.gov.za.

**DR E NTOBA**
**MUNICIPAL MANAGER**
**Dawid Kruiper Municipality**
**Private Bag X6003**
**UPINGTON**
**8801**